



**Titel:** Vandag wat was  
**Pastoor:** Charlou Jordaan  
**Datum:** 29 Augustus 2010  
**Tyd:** 09h30

a. Inleidend

- Bestekopname/voorraadopname
- Watter voorraad is op hande in jou stoorkamer?
- Hoe lyk die uitleg van jou stoorkamer?

b. Gister

1. **WEDERGEBOORTE**

**Joh 3:3-5**

<sup>3</sup> Daarop sê Jesus vir hom (Nikodemus): “Dit verseker ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.” <sup>4</sup> Nikodemus vra Hom toe: “Hoe kan ‘n mens gebore word as hy al ‘n ou man is? Hy kan tog nie ‘n tweede keer in sy moeder se skoot kom en gebore word nie?” <sup>5</sup> Jesus het geantwoord: “Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie.”

**Die twee bene van wedergeboorte**

- a) met my mond bely
- b) met my hart glo wat ek sê (hartgesindheid)

- Paulus en Timoteus as voorbeeld
- Amos 3:3
- Jy sal weet van ‘n geboorte (Ouriste gebeurtenis)
- Gewilde, maar lewensgevaarlike mites
- Het jy al gekies?

2. **Sekerheid**

- Uit die Woord

(1 Joh 5: 11-13 / Rom 10:13 / Openb 3:20 )

**Rom 8:16**

Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.

- As ander mense dit van jou kan getuig

**HET JY ‘N GISTER?**

c. Vandag

**Word jou voorraad benut of lê dit net in die stoor?**

1. **Vertel van jou redding**

- wanneer laas het jy iemand vertel?
- weet dat jy ‘n wonderlike getuienis het!

### **Ps 40:4**

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse God. Baie sal dit sien en vrees en op die HERE vertrou.

- **(Sing jou lied hierdie week)**

## **2. Leef dit!**

- **Almal moet jou Vader wil leer ken**
- **Vrug van die Gees**

### **Gal 5:22**

Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

- **Dissipel iemand!**

### **2 Kor 3:18b**

.... Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.

- **Jy hoef dus net te vra! (Jer 33: 3)**

## **3. Verstaan jou verlossing**

- **Is jy dalk 'n verstekeling aan boord?**

### **a. Verstaan dat jy geregtig is voor God.**

(regverdigmaking / justification)

### **Rom 3:21-26**

<sup>21</sup> Maar nou het die vryspreek deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspreek wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, <sup>22</sup> maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo. <sup>23</sup> Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie, <sup>24</sup> maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van Sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus. <sup>25</sup> Hom het God gegee as offer wat deur Sy bloed versoening bewerk het vir dié wat glo. Hierdeur het God getoon wat Sy vryspreek behels: Hy het die sondes wat Hy voorheen in Sy verdraagsaamheid tydelik ongestraf laat bly het, vergewe. <sup>26</sup> Maar Hy het ook getoon wat Sy vryspreek in die teenswoordige tyd behels: Hy oordeel regverdig deurdat Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo.

- **Skuldig, maar onskuldig verklaar**
- **Geen rekord van vorige veroordelings**

### **Rom 1:17**

**The just** (ons - die regverdige/vrygespreektes)

**shall live** (vir ewig en ewig en ewig .... )

**by faith** (omdat ons glo in Jesus Christus)

- **regverdigmaking gaan oor my posisie voor God  
(hoe Hy my sien as ek voor Hom staan)**
- **Weet dan voortaan jy is 'n prins/prinses!**

**b. Verstaan dat jy God se geregtigheid ontvang het by jou wedergeboorte (righteousness)**

**2 Kor 5:21**

Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

- woordbetekenis – billikheid, integriteit, regverdigheid (“a christ likeness” )
- ‘n Hemelse geskenk wat ons net moet aanneem in die geloof
- ‘n erforsie in jou bankrekening
- Jy weet nou!!

**c. ‘N LAASTE KYK**

**Enkele karaktereinskappe van ‘n geesvervulde lewe**

So iemand is:

**1. Tevrede by Jesus**

**Waar soek jy uitkoms?**

**Joh 7:37**

“As iemand dors het, laat hy My na toe kom en drink!”

**2. Die eie ek is afwesig**

- Nederig en Jesus is op die troon van sy lewe

**3. Honger om meer van Jesus te weet**

**Job 42:5**

Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê maar nou het ek U self gesien ...

**4. Liefde vir mede – gelowiges**

- een van Gees
- oor kerkgrense heen